# menlo-insig

Insig 15/2025 - 16 Mei 2025



## Boodskap van die hoof



Na 'n week vol hoogtepunte loop my hart van dankbaarheid oor.

Dankbaar vir die geleenthede wat Menlo-bodem bied. Dankbaar vir die Menloparkers wat op elke wekroep van die skool reageer. Dankbaar vir 'n ouergemeenskap wat rotsvas agter die skool staan en dankbaar vir 'n ongelooflike onderwyserskorps.

Wat 'n voorreg om 'n Menloparker te wees!

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# BELANGRIK

### SKAKELS

- Eksamenrooster
- Studiekursus
- Toetsrooster
- Kultuurkalender


### WINTERSPORTBEPALINGS

- Rugby
- Hokkie
- Netbal

### DATUMS

| | |
|---|---|
| 20 Mei | Toetsreeks eindig |
| 26 Mei | Wintereksamen begin: gr. 10 — 12 |
| 4 Junie | Wintereksamen begin: graad 8 & 9 |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 27 Junie | Skool sluit |

# KOMMUNIKASIE




## NUUT OP ED-ADMIN

Documents

Kommunikasie: WhatsApp-ouergroepe vir buitemuursaktiwiteite

## ALGEMEEN

**Menlo ma's wat bid** ontmoet Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer.

Kontak: 082 579 4968

**Menlo pa's wat bid** ontmoet elke tweede Vrydag om 06:00 in die Rugbyklubhuis.

Volgende geleentheid: 23 Mei 2025. Kontak: 082 457 6526 of 071 159 7795.

## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die Eggo-skoolkoerant is vir die eerste keer in 1965 uitgegee.

Die publikasie is vir 5c te koop aangebied en die omslag is deur Maritha Lombard, 'n destydse standerd tien-leerder, ontwerp.

Die ontwerp simboliseer die uitbasuining van Menlo-nuus en 50 jaar later hoor ons dit steeds eggo...




## Afrikaans: 100 jaar

## Het jy geweet?

Wanneer 'n woordgroep bestaan uit 'n byvoeglike naamwoord en 'n selfstandige naamwoord wat in 'n samestelling as 'n bepaler by 'n volgende selfstandige naamwoord optree, word al drie elemente vas geskryf. Ons noem dit 'n samestellende samestelling.

**Byvoorbeeld: sosialemediaplatform en mediesefondskaart**




## Omgeekoeverte

- Mikpunt: R250 per Parkie.
- Betaalbaar op die volgende maniere:
- **Elektroniese fondsoordrag**
  - Verwysing: Omgeeweek.
  - Plaas die bewys van betaling in die omgeekoevert.
  - Inhandiging: Voogonderwyser.
- **Kontant**
- Sluitingsdatum vir inhandiging: 23 Mei 2025.

## Proppieprojek

- Mikpunt: 450 kg se plastiekproppies.
- Inhandiging: Voogklas.

## Wollies *afgehandel baie dankie!*

- Skenk enige hondekos.
- Inhandiging: Voogklas.
- Sluitingsdatum vir inhandiging: 16 Mei 2025.

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

## Besigheidstudies: Gr. 10 – 12
## Rekeningkunde: Gr. 10
## EBW: Gr. 8 & 9

**Vereistes**

- Opleiding in Besigheidstudies en Rekeningkunde as vakgebied.
- Ervaring in die onderrig van Besigheidstudies en Rekeningkunde is 'n vereiste.
- Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SARO-registrasie in.
- Ondervinding as matrieknasiener sal as aanbeveling dien.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**MENLO Akademie**

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Mei 2025**

*Aanvangsdatum: 21 Julie 2025*

www menlopark.co.za   f AbsolutMenlo

# AKADEMIE



## MENLO-DUITSLEERDER OP PAD NA DUITSLAND

Jeanne-Marie van Brummelen, een van die graad 10-Duitsklas se trotse uitvoerprodukte, vertrek aan die einde van Junie vir vier weke na Duitsland. Die program word deur die FSA gereël en leerders moet, as deel van die keuringsproses, 'n klompie opdragte uitvoer. In trotse Menlo-styl het Jeanne-Marie haar uitstekend van haar taak gekwyt en sal sy as die topgekeurde FSA-aansoeker na Duitsland reis.

Schöne Reise!



## NW-OLIMPIADE

Lana Swanepoel en Liam Senekal in graad 8 het verlede week aan die eerste rondte van die NW-olimpiade deelgeneem.

Hartlik geluk aan Lana wat in die eerste plek geëindig het.



## TOEKOMSTIGE MENLO-INGENIEURS BY LANDSWYE AQUALIBRIUMFINAAL IN AKSIE

Willbert van Sittert, Shane Grant en Bernard Conradie het hulle skoene as toekomstige ingenieurs verlede naweek by die landswye aqualibriumfinaal volgestaan. Die aksie, waarby twaalf skole betrokke was, het by die Sci-Bono Discovery Centre plaasgevind en is deur die South African Institute of Civil Engineering (SAICE) in samewerking met The Energy & Water Sector Education Training Authority (EWSETA) en MPAMOT, 'n ingenieursfirma, aangebied. Knap gedaan!

Lees gerus wat die media oor die kompetisie berig het.



## DUITSE SKRYWER BESOEK PRETORIA

Leonard Thoma, skrywer van 'n paar van ons voorgeskrewe matriekwerke is deur die Duitsonderwysersvereniging van Suid-Afrika uitgenooi om met ons Duitsleerders en -onderwysers oor sy stories te kom gesels .

Die besoek het gou in 'n inspirerende middag met lekker voorlesings en interaktiewe opdragte wat deur ongeveer 80 graad 12-Duitsleerders van Pretoria bygewoon is, ontaard.

Leonard Thoma se skryfstyl herinner sterk aan die van die Engelse skrywer, Roald Dahl, en elke storie het 'n onverwagse angel of 'n verrassende einde.

Omdat Leonard Thoma self voor die skoolbanke gestaan het, verstaan hy die belangrikheid daarvan om stories met relatief eenvoudige woordeskat, maar met oulike storielyne, te skryf wat ook vir tieners en vreemdetaalonderrig bedoel is, en nie vir kleuters nie.

Ook die Duitsonderwysers is op 'n interessante werksessie getrakteer en almal was vuur en vlam om die nuwe tegnieke op Leonard Thoma se stories te gaan toepas.

DEUTSCH MACHT SPAß









## WÊRELDKENNISAAND

Die wêreldkennisaand was oudergewoonte 'n hoogtepunt op Menlo se kalender. Die Parkies se algemene kennis is deeglik getoets en party het selfs die hulp van gelukbringers ingespan. Een span het 'n bonuspunt of twee verdien deur die aand in kostuums deur te bring.

Die wenspan is egter steeds onbekend en die Insig sien saam met die deelnemers na die groot aankondiging uit.

KENNIS IS MAG

# KULTUUR

## ATKV-REDENAARSUITDUNNE OP MENLO-BODEM AANGEBIED

Dit is nou al vir 'n paar jaar tradisie dat Die Hoërskool Menlopark gasheer vir die ATKV-redenaarskompetisie se streeksuitdunne speel. Die organisasie van hierdie geleentheid sal die Olimpiese Spele na kinderspeletjies laat lyk en die Insig deel graag 'n paar interessante feite oor hierdie skouspel:

- Me. Ermyntrude Foord en mnr. Corné van Wyk se organisatoriese vaardighede ken eenvoudig geen perke nie.
- 1 371 sprekers van reg oor Gauteng-Noord het deelgeneem.
- 48 Menlo-toesprake is gelewer.
- Ongeveer 4 000 pare voete — ma's, pa's en grootouers s'n — het die skool besoek.
- Die Matriekraad het hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt om as voorsitters in die lokale op te tree.
- Een van die beoordelaars wou selfs een van die matriekraadslede huis toe neem!

Knap gedaan, Menlo! Ons maak gou weer so.


















## MENLO-KOORFEES ROER HARTSNARE

Die laaste toesprake was skaars afgehandel of die eerste note van die koorfees het uit die saal weerklink. Ofskoon die deelnemende kore uitstekende vertolkings van hulle onderskeie werke gelewer het, was dit aan die einde van die aand duidelik: Daar is net een koor en daardie koor behoort aan Die Hoërskool Menlopark. Die Insig sien saam met die koor na die res van die koorseisoen uit en nooi lesers uit om hierdie spasie dop te hou.

# OPEDAG

## HULLE WEET NOU WAT ONS WEET

Honderde laerskoolleerders en hulle ouers het vandeesweek op Menlo-bodem toegesak om uit te vind wat ons weet en hulle nie weet nie. Wat tussen 14:29 en 17:00 op Menlo-bodem gebeur het, was werklik spesiaal en die skool is dankbaar teenoor elke Parkie wat by opedag betrokke was.

Me. Hannaliza Fechter verdien 'n veer in die hoed vir haar reëlings en die skool sien daarna uit om die matrieks van 2030 volgende jaar as Menloparkers te verwelkom.







# 14:29 WANT ONS DOEN NIKS HALF NIE













# WATERSPORT

## SWEM

Baie geluk aan Menlo se swem-ambassadeurs wat by die onderskeie kampioenskappe in aksie was.

**SA Vlak 2-kampioenskap**

Tamlyn Kew

Danique Hefer

Daniel de Waal





**SA se skolekampioenskap**

Roald Basson

Katelyn Fourie

Jayden Ciampi





**SA se nasionale senior kampioenskap**

Zaine Niemand

Chanel Veldsman

Olivia Stroebel





**SA se nasionale junior ouderdomsgroep-kampioenskap**

Jayden Ciampi

Joshua Muller

Olivia Stroebel

Danielle Bam

Clarisé van Niekerk

Chanel Veldsman

Katelyn Fourie





**Junior Afrika-kampioenskap: Kaïro**

Zaine Niemand

50 m-borsslag 3de

100 m-borsslag 1ste

200 m-borsslag

Zaine kwalifiseer vir die Junior World Aquatics Swimming Championships wat van 19 tot 24 Augustus in Otopeni, Romenië, sal plaasvind.

# SPORT VERVOLG

## TENNIS: AMANDA COETZER-TOERNOOI

Die volgende dogters het die skool verlede week in 'n ysige Bloemfontein verteenwoordig en vuurwarm tennis opgedis.

O. 19: Megan Fourie, Liané Smit, Mika Keet, Nina Jansen van Vuuren, Melissa Meyer & Danika Geyser.

O. 15: Abigail Prinsloo, Lemé Beyers, Nina Kloppers & Danelle Niemandt.



## SKAAK:
## TSHWANE INDIVIDUELE TOERNOOI

| | | |
|---|---|---|
| Nadine de Waal | Gr. 8 | 1ste |
| Chay Karsten | Gr. 9 | 2de |







## FIETSRY

**Gauteng-kampioenskap**



LJ van der Westhuizen het die skool verlede naweek by die Gauteng-kampioenskap verteenwoordig.

| | |
|---|---|
| XCC (Short Track) | 3de |
| XCO (Cross Country) | 16de |

**Garsfontein-derby by Grootfontein**

| | | |
|---|---|---|
| O. 14 | LJ van der Westhuizen | 1ste |
| | Ruben van Niekerk | 2de |
| O. 15 | Melinda Erasmus | 3de |
| | Wihann Schalekamp | 2de |
| O. 16 | Katrijn Botha | 2de |
| | Zelia Küsel | 3de |
| O. 18 | Arielle Behr | 1ste |
| | Stephan Aldum | 1ste |

**SA Enduro Kampioenskap**

| | | |
|---|---|---|
| Arielle Behr | Elite Woman | 1ste |

# WINTERSPORTUITSLAE







**Rugby vs. Hoërskool Nelspruit: 10 Mei 2025**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 13 |
| Wedstryde gewen | 10 |

**Netbal vs. Hoërskool Oos-Moot: 7 Mei 2025**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 15 |
| Wedstryde gewen | 15 |

**Netbal vs. Hoërskool Eldoraigne: 14 Mei 2025**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 17 |
| Wedstryde gewen | 16 |
| Gelykop | 1 |

**Dogtershokkie vs. Hoërskool Zwartkop: 9 Mei 2025**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 8 |
| Wedstryde gewen | 6 |
| Gelykop | 2 |

Volg die **skakel** vir die volledige wintersportuitslae.

# GHOLF-VOORSITTERSTROFEE





| | | |
|---|---|---|
| Menlo 1 vs. Waterkloof 2 | 4-0 | Menlo dring na die semifinaal deur. |
| Semifinaal | | |
| Menlo 2 vs. Waterkloof 1 | 2-2 | Menlo val ongelukkig in die uitspeelronde vas. |

# PRESTASIES BUITE MENLO



Mari-Ancè Grimbeek: Sodwana Ski Boat Klub se junior diepseehengelkompetisie

- Die grootste vangs van die kompetisie is deur Mari-Ancè ingekatrol.
- Die nuwe rekord vir dogters o. 17 behoort nou aan haar.

# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.

Hierdie is 'n spesiale geleentheid vir alle Menlo-entrepreneurs om hulle produkte gratis in die Menlo-Insig te adverteer.

**Komaan, Parkies!**

# MENLO-BORGE

SAFARI OUTDOOR

OBARO

# MARKPLEIN







Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.